Biosekuriteits-module BSM05:

VERSKUIWING VAN VOLSTRUISE VANAF EEN GEREGISTREERDE PLAAS NA ’N ANDER GEREGISTREERDE PLAAS

DOELWIT

Om te verseker dat alle verskuiwings van volstruise tussen plase ten volle nagespeur kan word en om die risiko te verminder van siek of besmette volstruise wat van een plaas na ’n ander verskuif word. Hierdie BSM belig die hoofroete vir die verspreiding van siekte soos voëlgriep tussen plase.

VERSKUIWINGSPROTOKOL

1. Verskuiwing van volstruise deur ’n geregistreerde plaas na ’n ongeregistreerde plaas en omgekeer word verbied.
2. Verskuiwing van volstruise deur ’n geregistreerde plaas na ’n ander geregistreerde plaas sonder om die verskuiwings-protokol, soos uiteengesit in BSM05, streng na te kom, word verbied.
3. Die versendplaas moet voldoende geregistreerde isolasiekampe om volstruise aan te hou, bevat voor versending gedoen kan word. Hierdie isolasiekampe moet voorsien wees van geskikte drinkwater en voersisteme, aangesien volstruise omtrent 2 weke in hierdie kampe aangehou moet word, terwyl die uitslae van bloed-/PCR-toetse nog uitstaande is.
4. Volstruise (anders as dagoud kuikens) wat verskuif gaan word, moet teen Newcastle Siekte ge-ent word en met ’n SAVBK-goedgekeurde ID-etiket toegerus word en dan in kuddes opgedeel word wat na ‘n enkele ontvangplaas gestuur gaan word.
5. ’n Kudde moet dan aan ’n isolasiekamp of kampe toegewys word en die kampnommer moet op die **Kuddeverskuiwings-paspoort (Vorm No BSM05/001)** aangeteken word. Geen kamp mag meer as een kudde aanhou nie. Sodra ’n kudde na ’n isolasiekamp(e) geskuif is, mag geen addisionele volstruise by daardie kamp gevoeg word nie, en geen volstruise mag uit die kamp verwyder word nie (behalwe in geval van vrektes of beserings), voordat bloed-/PCR-toetsresultate bekend is nie en daardie volstruise vanaf die plaas weggeskuif is nie. Enige inspeksie of oudit van ’n isolasiekamp wat etiketlose volstruise of volstruise waarvan die etikette nie met die oorspronklike kudderegister ooreenstem nie, oplewer, begaan ’n kritieke oortreding.
6. Enige sterftes in ’n kudde wat reeds in ’n isolasiekamp is, moet in die **Kuddeverskuiwingspaspoort** asook die plaas se **Post Mortem Verslag** aangeteken word. Die oorsake van die vrekte(s) moet in die **Kuddeverskuiwingspaspoort** opgeteken word en die **Post Mortem Verslag** vir daardie dooie volstruise moet in die plaasrekords gehou word.
7. Indien daar ‘n bedoeling is om volstruise (anders as dagoud kuikens) na verskillende ontvangplase te stuur, dan moet die volstruise in verskillende kuddes verdeel word en ook in verskillende kampe verdeel word, voordat die **Kuddever-skuiwingspaspoorte** ingevul word en ook voordat bloed-/PCR-monsters geneem word.
8. ’n **Kuddeverskuiwingspaspoort** moet vir elke kudde voorberei word. Dit moet die ID-etiketnommer, die datum toe die kudde in die kamp geplaas is, enige veeartsenykundige dosisse of behandelings op die kudde toegepas tydens selektering en die gemiddelde ouderdom van die kudde. Die **Kuddeverskuiwingspaspoort** moet ook die registrasie-nommer vir beide die versend- en die ontvangplase insluit asook die handtekening van die eienaar (of sy aangewese verteenwoordiger) van die versendplaas.
9. Die **Kuddeverskuiwingspaspoort (vorm BSM05/001)** moet van ’n unieke **Kudderegisternommer** voorsien word wat telefonies van die SAVBK verkry word. Die SAVBK sal ’n nasionale databasis byhou van alle **Kudderegisternommers**, die getal en ID-etiketnommers van volstruise aangeteken in die **Kuddeverskuiwingspaspoort**, die registrasienommers van die versend- en ontvangplase, die naam van die amptenaar wat die bloed-/PCR-monsters geneem het, asook die datum waarop die monsters geneem is.
10. In ’n kudde wat aan ’n isolasiekamp toegewys is, moet daar bloed-/PCR-monsters vir AI-toetsing deur ’n goedgekeurde amptenaar geneem word. ’n Kopie van die **Kuddeverskuiwingspaspoort** moet terselfdertyd voltooi en aan die amptenaar wat die monsters neem, oorhandig word om dit by die SAVBK in te dien. Die bemonstering van die kudde wat geskuif gaan word is addisioneel tot die roetiene 21-dag bemonstering van alle epidemiologiese groepe op die plaas, tensy beide bemonstering op dieselfde dag gedoen word.
11. Die aantal volstruise in elke kudde wat bemonster moet word, word soos volg vasgestel (gebaseer op Volstruisprotokol – sal binnekort hersien word):

    - Kuddegrootte ≤ 10 — Steekproefgrootte = 10
    - Kuddegrootte ≤ 20 — Steekproefgrootte = 16
    - Kuddegrootte ≤ 50 — Steekproefgrootte = 22
    - Kuddegrootte ≤ 100 — Steekproefgrootte = 25
    - Kuddegrootte ≤ 200 — Steekproefgrootte = 27

12. Die kudde moet in die isolasiekamp bly totdat die bloed-/PCR-resultate ontvang is en die volstruise geskuif kan word. Die amptenaar wat die monsters van die kudde neem, moet self die volstruise kies wat aan die steekproef deelneem, bevestig dat die betrokke volstruis ’n ID-etiket het en dat hierdie spesifieke nommer reeds in die **Kuddeverskuiwings-paspoort** ingesluit is wat deur die plaaseienaar aan hom verskaf is en hy moet bevestig dat dieselfde getal volstruise wat in die **Kuddeverskuiwingspaspoort** aangeteken is wel in die kampe beskikbaar is vir bemonstering (min mortaliteite wat wel in die **Kuddeverskuiwingspaspoort** en Post Mortem Verslag aangeteken is en waarvoor ID-etikette verskaf kan

word). Die volgende inligting moet na bemontering deur die amptenaar in die **Kuddeverskuiwingspaspoort** ingesluit word:

- Datum en aantal bloed-/PCR-monsters geneem
- ID-nommer van elke volstruis wat bemonster is
- Bevestiging dat hy elke volstruis in die steekproef self gekies het, dat hy persoonlik die bloed-/PCR-monsters geneem het en dat hy geen volstruis met 'n ID-nommer gekry is wat nie reeds in die kudderegister was nie en dat die getal volstruise soos in die **Kuddeverskuiwings-paspoort** aangeteken wel in die kamp was tydens bemonstering
- Teken die **kuddeverskuiwingspaspoort**
- Die amptenaar moet 'n volledige eerste kopie van die **kuddeverskuiwingspaspoort** saam met die bloed-/PCR-monsters aan die SAVBK oorhandig, aangesien geen monsters vir toetsing aanvaar sal word sonder die volledige **kuddeverskuiwingspaspoort** nie.

13. Die bloed-/PCR-toetsresultate sal deur die SAVBK hersien word. As die uitslae die verskuiwing van die volstruise ondersteun, sal die versend- en ontvangplase 'n unieke **kuddeverskuiwingsnommer** ontvang, wat dan in die **kuddeverskuiwingspaspoort** geskryf sal word, en dus sal toelaat dat die verskuiwing voortgaan. Die verskuiwing moet dan binne 7 dae plaasvind.

14. Indien enige positiewe resultate verkry word, mag die kudde nie verskuif word nie. Die voorgeskrewe beheerprosedures sal deur die provinsiale veeartsenykundige owerheid onderneem word.

15. Enige vals verklarings deur die versend- of ontvangplaas sal lei tot 'n verbod op die verskuiwing van die kudde waarvan vals inligting deurgegee is. Enige vals verklarings deur die amptenaar wat die bloed-/PCR-monsters neem, sal lei tot onmiddellike dissiplinêre optrede teen die betrokke amptenaar.

16. Volstruise (anders as dagoud kuikens) mag slegs van een geregistreerde plaas na 'n ander geregistreerde plaas verskuif word as daar aan die volgende vereistes voldoen word:

- Die volstruise wat verskuif word, moet deur 'n kopie van die voltooide **kuddeverskuiwingspaspoort** vergesel word. Dit moet die uitgereikte **kuddeverskuiwingsnommer** insluit. Hierdie kopie moet ten minste 5 jaar lank behou en op die ontvangplaas gehou word.
- Slegs volstruise met ID-etikette wat in die **Kudde-verskuiwingspaspoort** gelys word, mag verskuif word.
- Indien 'n kudde wat geskuif moet word te groot is om as 'n enkele trop te skuif (bv. in verskillende vragmotors) en dus in verskillende sub-kuddes verdeel moet word, dan moet 'n afskrif van die volledige **Kuddeverskuiwings-paspoort** elke voertuig vergesel. Indien die voertuig wat die volstruis skuif vir inspeksiedoeleindes voorgekeer word en die vragmotor nie in besit is van die geldige **Kuddeverskuiwingspaspoort** nie, of dat een of meer volstruise op die vragmotor geen ID-etiket het of 'n ID-etiket het wat nie op die **Kuddeverskuiwingspaspoort** verskyn nie, dan sal die hele vrag volstruise teruggestuur word na die versendplaas en toepaslike aksies sal geneem word.
- Volstruise wat oorspronklik in 'n kudde was en wat verskuif gaan word, mag agtergelaat word en as sulks in die **Kuddeverskuiwingspaspoort** aangeteken word. Volstruise wat agterbly, moet dan ten minste 2 weke lank op die plaas bly nadat hulle van 'n kudde verwyder is. Hulle mag ook nie by 'n ander kudde geplaas word wat reeds bemonster is nie.
- Die kudde wat verskuif word, moet binne 5 dae van ontvangs van 'n **kuddeverskuiwingsnommer** direk van die versendplaas na die ontvangplaas verskuif word, en mag nie tydelik gestop of afgelaai word op enige ander geregistreerde of ongeregistreerde plaas nie.
- 'n Kopie van die volledige **kuddeverskuiwingspaspoort** moet dan aan die SAVBK oorhandig word om die voorafgaande **kuddeverskuiwingspaspoort** wat oorspronklik saam met die bloed- en PCR-monsters ingegee is, te vervang (sien paragraaf 12 hierbo). Hierdie kopie moet duidelik aandui watter volstruise nie geskuif is nie sodat die SAVBK se rekords hiervolgens opdateer kan word om rekord te hou van waar elke volstruis met 'n ID-etiket is.
- Die finale kopie van die **kuddeverskuiwingspaspoort** moet deur die versendplaas behou en ten minste 5 jaar in die plaasrekords gehou word.

Die onderstaande figuur illustreer die proses wat in hierdie BSM05 verduidelik word en toon die optrede aan wat die plaaseienaar moet onderneem om nakoming van die BSM05 te verseker. Hierdie BSM05 kan slegs nagekom word deur plaaseienaars wat in besit is van vorm BSM05/001.